

DIE INTERNASIONALE STRAFHOF EN SUID-AFRIKA: DIE STREWE OM 'N EINDE AAN STRAFFELOOSHEID TE MAAK

Deur me Phephelaphi Dube: Direkteur, Sentrum vir Grondwetlike Regte

Die Sentrum vir Grondwetlike Regte (SGR) verwelkom die uitspraak van die Internasionale Strafhof (ISH), waarin die Strafhof bevind het dat die Regering van Suid-Afrika versuim het om aan sy verpligtinge kragtens die *Statuut van Rome* te voldoen, omdat hy versuim het om President Al-Bashir in hegtenis te neem en aan die ISH uit te lewer.

Die besluit spruit uit Suid-Afrika se versuim om President Al-Bashir in 2015 in hegtenis te neem tydens sy amptelike besoek aan Suid-Afrika om aan die samesprekings van die Afrika-unie deel te neem.

As gevolg van die ondersoek deur die ISH, word President Al-Bashir beskuldig van verskeie ernstige internasionale misdade, met inbegrip van oorlogsmisdade, misdade teen die mensdom en aanklagte van volksmoord. Die uitspraak van die ISH verwerp onomwonde immunititeit as verdediging. Sodoende bevestig dit die ISH se *raison d'être* - om die straffeloosheid vir oortreders van ernstige menseregteskendings te beëindig.

Die ISH se besluit som op wat Suid-Afrika se Appèlhof voorheen beslis het - dat toe Suid-Afrika die *Statuut van Rome* onderteken en bekragtig het, dit met die verstande was dat alle vorme van immunititeit, met inbegrip van Staatshoofde, nie die vervolging van internasionale misdade teen die mensdom sal verhoed nie. Hierdie belangrike bevestiging deur 'n internasionale liggaam van Suid-Afrika se regbank kom op 'n tyd van herhaalde aanvalle in die media op die regbank deur lede van die Uitvoerende Gesag, asook individue van die regerende party.

Die ISH het egter nie Suid-Afrika se nie-nakoming na die ISH se Vergadering van Staatspartye en die Verenigde Nasies se Veiligheidsraad verwys nie, op grond daarvan dat Suid-Afrika, voordat Al-Bashir die land toegelaat is, met die ISH geskakel het oor die vraag of Al-Bashir immunititeit geniet. Ten spyte van die ISH se negatiewe reaksie in daardie verband, was Suid-Afrika steeds sy gasheer, en het later probeer om die gasheerooreenkoms tussen die Afrika-unie en Suid-Afrika as grondslag te gebruik om immunititeit van inhegtenisneming toe te staan. Dit ten spyte van die uitdruklike bepaling van artikel 27(2) van die *Statuut van Rome*, wat uitdruklik verklaar dat immunititeit wat gewoonlik aan amptenare toegestaan word, nie 'n hindernis vir die jurisdiksie van die ISH kan wees nie. Soos die ISH uitgewys het, het Suid-Afrika probeer om die reg te gebruik om te ontsnap uit 'n politieke ontwigting.

Ten spyte van die afwesigheid van regspraak deur die ISH - moontlik om diplomatieke redes - is it opmerklik dat die ISH se uitspraak oorweging geskenk het daaraan dat die Regering sy uitdaging van die Appèlhof teruggetrek het, en hierdie onttrekking beskou het as Suid-Afrika se stille aanvaarding dat hy verkeerd opgetree het.

Die Beleidskonferensie van die regerende party wat pas verby is, het baie skeure in die party onthul - maar dit is kommerwekkend dat Suid-Afrika se onttrekking van die ISH een aangeleentheid is waaroor wye konsensus bereik is. Dit is kommerwekkend dat party-politieke belange klaarblyklik bo die belange van die Suid-Afrikaanse publiek gestel word. Daar is geen ander internasionale hof op die vasteland met dieselfde jurisdiksie as die ISH nie. Gevolglik sal die ware slagoffers van Suid-Afrika se onttrekking van die ISH die mense van die Afrika-vasteland wees.

Die ISH se besluit bring meer duidelikheid oor hoe internasionale reg toegepas moet word. In lig van oënskynlike teenstrydige bepalings oor immunititeit, wat wissel van internasionale gewoontereg, tot regspraak van internasionale tribunale, met inbegrip van die Internasionale Strafhof, was dit nodig vir die ISH om hom uit te spreek oor Suid-Afrika se versuim om President Al-Bashir in hegtenis te neem en uit te lewer.